http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/43-3-277



# ESSAY: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PIONIER

**MF Howes**

Op 17 Mei 2007 is Erika Theron 'n eeu gelede gebore. 'n Terugskouing is nodig om te kyk na die fondamente wat sy in maatskaplike werk gelê het en hoe toepaslik dit vandag nog vir die professie is. As pionier was sy op vele gebiede 'n eerste en het grense verskuif. In hierdie essay sal die bydrae wat sy op 'n groot verskeidenheid terreine gelewer het, ondersoek word.

Erika Theron is op Tulbagh as die sewende kind van die Theron-familie gebore. Omdat sy 'n laatlam was en waarskynlik goed deur die ouer kinders in toom gehou is, het sy selfvertroue ontwikkel en nie vir konfrontasie teruggedeins nie. Sy word groot in 'n kultuur van vrywillige naastediens. Haar vader het 'n stuk grond geskenk waarop 'n huishoudskool gebou is; haar moeder was lid van die ACVV; haar een suster was die sekretaresse van die ACVV-Hoofbestuur; en haar ander suster was in Kaapstad in beheer van 'n ACVV-losiesplek vir werkende meisies van die platteland. Miemie Rothman (MER) was 'n vriendin van die gesin en het baie bygedra tot die vorming van die professionele persoonlikheid van Erika Theron. Hierdie welsynsdampkring waarin sy grootgeword het, moes 'n invloed gehad het op sekere keuses wat sy gemaak het.

Hoewel sy haar universiteitstudies in die ekonomie begin, slaan sy in haar nagraadse studies in Duitsland oor na sosiale ekonomie en konsentreer sy op vrouearbeid in die nywerheid. Terug in Suid-Afrika het sy haar doktorale proefskrif oor die fabriekwerksters in Kaapstad gedoen. Dr Verwoerd, die destydse professor in Sosiologie en Maatskaplike Werk, was haar promotor en hy was ook die voorsitter van die Voortsettingskomitee van die Volkskongres van 1934 wat haar as sekretaresse aangestel het. Na twee jaar in hierdie pos is sy as dosent na die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk by die Universiteit van Stellenbosch. In 1955 word die eerste leerstoel vir maatskaplike werk by hierdie universiteit ingestel en word Erika Theron die eerste professor. Vanuit hierdie basis het sy 'n belangrike bydrae gemaak om die grondslag vir die maatskaplikewerk-professie te lê.

Sy was haar tyd in baie opsigte vooruit en sy het die saad van hervorming geplant wat vrugte in latere jare gedra het. Esterhuyse (2007) stel dit soos volg: "Haar lewensverhaal is nie net 'n verhaal van baie eerstes nie: eerste professor in maatskaplike werk in Suid-Afrika; eerste vroulike lid van die US se raad; eerste vroulike kanselier van 'n Suid-Afrikaanse universiteit (UWK); eerste vroulike burgemeester van 'n Suid-Afrikaanse dorp (Stellenbosch); stigter en eerste redakteur van die Tydskrif vir Maatskaplike Werk." As "eerste vrou" het sy grense verskuif en dit makliker gemaak vir vroue wat na haar gekom het.

In haar hoedanigheid as hoof van die Departement van Maatskaplike Werk het sy 'n groot invloed op haar studente uitgeoefen. Talle van die studente wat onder haar hande deurgeloop het, getuig van die invloed wat sy op hulle gehad het. Nie net het hulle 'n heilige ontsag vir haar gehad nie, maar hulle sou ook nooit vir haar iets geweier het nie (Collins, 2007). Sy het 'n onuitwisbare stempel op hulle beroepspersoonlikheid afgedruk en deurdat hierdie stempel deur die land voortgedra is, was haar invloed onbepaalbaar wyd. Volgens Theron se eie beskrywing van haar mentor, dr Verwoerd, dat sy studente nie "net studeerkamerakademici kan wees nie, maar ook dat 'n dure verpligting op hulle rus. Juis met hulle vakkundige kennis moes hulle aandag gee aan die aktuele vraagstukke op die gebied van die maatskaplike sorg in ons land" (Theron, 1961:11). Hierdie inspirasie sou dwarsdeur haar loopbaan manifesteer en ook aan haar studente oorgedra word.

Ook in die opleiding van maatskaplike werkers het sy grense verskuif. In 'n tyd toe werk met individue (gevallewerk) en groepwerk die kern van maatskaplike werk was, was sy 'n makro-

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/43-3-277


maatskaplike werker. Een van haar oudstudente stel dit soos volg: "Erika Theron was not a caseworker, she was a community developer. She said she couldn't do casework at all. She felt helpless when faced with personal problems. She found the emphasis on listening and accepting non-judgmentally alien to her nature" (Collins, 2007). Reeds vanaf haar eerste werk as sekretaresse van die Voortsettingkommissie het sy geleer om na maatskaplike probleme deur 'n wye lens te kyk. Haar hele loopbaan weerspieël die definisie wat Brueggemann vir makro maatskaplike werk gee: "Macro social workers engage in the process of social planning to ensure that services are provided on behalf of those who are in most need. Social planning is a 'process of selecting and designing a rational course of collective action to achieve a future state of affairs' for the social good including 'development, expansion, and coordination of social services and social policies' at both local and societal levels" (Brueggemann, 2006:140).

In 1964 kondig prof Theron aan dat 'n professionele tydskrif vir maatskaplike werk in Suid-Afrika gaan verskyn. Sy het daarin geslaag om 'n lewensversekeringsmaatskappy (Sanlam) as borg te kry vir die eerste uitgawe en het ook advertensiespasie in die tydskrif verkoop om dit finansieel haalbaar te maak. Die eerste uitgawe, met haar as redakteur, verskyn in 1965. Die redakteur verduidelik soos volg: "Dit stel hom ten doel die verbetering van die standaard van die beroep in die Republiek en die verskaf van inligting oor die nuutste ontwikkelinge op die terrein van die maatskaplike werk. Verblydend is die groot aantal nie-praktiserende maatskaplike werkers wat inteken: 'n bewys dat daar ook by hulle 'n behoefte is om op hoogte van sake i.v.m. die nuutste ontwikkelinge op die vakgebied te bly" (Theron, 1965:2). (Laasgenoemde het waarskynlik ook daarmee te doen "dat 'n mens vir 'n opdrag van prof Theron, wat ook al die aard daarvan, ja sê omdat jy nooit daaraan sal dink om nee te sê nie!" (Redaksioneel, 1972:227). Die tydskrif was aanvanklik skraal en beskeie, maar dit het een van die belangrikste boustene geword in die ontwikkeling van maatskaplike werk as 'n professie in Suid-Afrika.

Erika Theron was die redakteur van die tydskrif tot 15 jaar na haar aftrede. Deur haar redaksionele blad het sy 'n wye reeks van onderwerpe aangeraak, bv. wetgewing oor maatskaplike kwessies; regulering van die professie; behuising; welsynsbeplanning en koordinasie. 'n Kollega het destyds die volgende stelling gemaak: "… no one in South Africa will deny that Dr Theron is our expert in welfare planning and that her views are anchored in knowledge and wisdom flavoured with the insights derived from a visionary approach to problem-solving in community and national affairs" (Muller, 1972:245).

Kontak en kommunikasie met oorsese kollegas was baie belangrik vir prof Theron. Ofskoon Suid-Afrika in daardie tyd nie baie gewild was in oorsese lande nie, het sy daarin geslaag om persone te kry om na Suid-Afrika te kom. So het Maria Kamphuis in 1962, Ruth Smalley in 1967 en verskeie ander oorsese dosente na die land gekom en besoeke by die meeste universiteite se maatskaplike werk departemente afgelê. Benewens die persoonlike kontakte met oorsese kollegas het prof Theron die belangrikste professionele tydskrifte bekom. Sy het ook met die universiteitsbiblioteek onderhandel dat die maatskaplike werk-tydskrifte nie in die hoofbiblioteek gehuisves word nie, maar wel in die departement. Na haar aftrede het hierdie lokaal die Erika Theron Leeskamer geword. Dit is van onskatbare waarde vir dosente en nagraadse studente omdat die vakliteratuur so toeganklik is.

Omdat sy gereeld internasionale konferensies bygewoon het, was Erika Theron terdeë bewus van die waarde van sulke byeenkomste. Die voordele was tweeledig: om op hoogte te bly met die jongste denke in die vakgebied en om professionele netwerke op te bou. In die sestiger jare het al die etniese universiteite in Suid-Afrika tot stand gekom en was daar 'n groot aantal jong en onervare dosente wat die maatskaplike werk departemente beman het. In 1967 het sy die inisiatief geneem om die eerste konferensie vir dosente in maatskaplike werk te reël. Sy beweer self dat sy

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/43-3-277


"veral in gedagte gehad (het) die betekenis van die byeenkomste vir die jonger dosente. Die senior dosente het genoeg geleenthede om ander kollegas te ontmoet en hulle universiteite by konferensies te verteenwoordig. Maar dit is die jonger mense wat veral die voordeel uit die samesprekings binne en buite die vergadersaal kan trek" (Theron, 1983:33-34). Dit was een van die deurlopende temas in Erika Theron se beroepslewe, nl. dat maatskaplike werkers professioneel moet aanhou groei en ontwikkel en altyd op hoogte moet wees van breëre maatskaplike kwessies wat aandag nodig het asook van ander aktuele sake.

Omdat hierdie inter-universitêre komitee al die maatskaplike werk opleidingsinstansies geko-ordineer het, was dit moontlik om lid te word van die "International Association of Schools of Social Work". As lid van hierdie liggaam kon Suid-Afrikaners internasionale konferensies en seminare vir dosente in maatskaplike werk bywoon. Opleiding vir maatskaplike werk het dus tred gehou met internasionale ontwikkeling en tendense.

As makro-maatskaplike werker was Erika Theron besorg oor sosiale probleme. Sy het op die redaksionele blad van die professionele tydskrif hierdie probleme bespreek. Een probleem waaroor sy sterk gevoel het, was behuising. Sy was dan ook deur die destydse Minister van Gemeenskapsbou, mnr P.W. Botha, in die behuisingskommissie aangestel waarin sy sewentien jaar gedien het (Theron, 1983:76). Toe die Wet op Groepgebiede tot stand gekom het, het sy dit verwelkom omdat dit "die opruiming van agterbuurtes en die hervestiging van die betrokke inwoners in nuwe stadgebiede" (Redaksioneel, 1971:138) tot gevolg sou hê. In dieselfde redaksionele artikel wys sy op knelpunte in die wet en doen moontlike oplossings aan die hand. Dit was egter terwyl sy burgemeester van Stellenbosch was en nou betrokke was by die praktiese toepassing van die wet, dat sy ontnugter geraak het (Theron, 1983:33-36).

Onder die publikasies wat Erika Theron alleen of in samewerking met andere gemaak het, was daar veral een wat belangrik was. As lid van SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) was sy en Marius Swart redakteurs van die werk: *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika*. In die voorwoord skryf die destydse voorsitter van Sabra: "Tog is dit noodsaaklik dat blankes 'n behoorlike kennis van die Kleurlinge as volksgroep moet besit: die een nie-blanke groep wat geen ander taal het as die van die blankes en geen ander kultuur as die blanke kultuur nie…" (Theron & Swart, 1994).

As gevolg van hierdie kennis van die Kleurlingbevolking is Erika Theron in 1972 aangestel as voorsitter van 'n regeringskommissie wat ondersoek na kleurlingaangeleenthede moes instel. As voorsitter van die Theron-kommissie in 1973 het sy eerstehands kennis opgedoen van die onreg wat gepleeg is met grootskaalse verskuiwing van mense en die sosiale ontwrigting wat daaruit voortgespruit het. Esterhuyse maak die volgende stelling: "Lees mens vandag die Kortbegrip van die Theron-verslag, wat alles daaroor geskryf en gesê is, en veral wat haar eie verwagtings en hoop was, ontmoet ons 'n baie ingewikkelde persoonlikheid, iemand verskeurd tussen lojaliteit aan die Nasionale Party, maar ook moreel bewoë oor wat haar mense se politieke beleid aan die waardigheid, selfrespek en basiese regte van veral medetaalgenote gedoen het" (Esterhuyse, 2007). Sy was 'n kampvegter vir Afrikaans en 'n Nasionalis, in die oorlogsjare selfs lid van die Ossewabrandwag. Haar lojaliteit aan die regerende party het in konflik gekom met die eis van sosiale geregtigheid – 'n waarde wat sy as maatskaplike werker onderskryf het. Esterhuyse beweer tereg: "Die verhaal van haar lewe is in baie opsigte ook 'n politieke biografie, 'n storie oor verset van binne die apartheidstelsel. Daarom was dit ook 'n storie van frustrasie, van kompromieë en van magteloosheid" (Esterhuyse, 2007).

Erika Theron het aan die einde van 1972 afgetree as hoof van die Departement van Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch. Daarna was sy vir drie jaar voorsitter van die kommissie van ondersoek na Kleurling-aangeleenthede wat haar invloed op nasionale vlak

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/43-3-277


uitgebrei het en wat haar ’n plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee het. Sy het steeds redakteur van die professionele tydskrif Maatskaplike Werk/Social Work tot 1987 gebly. Sy is in 1989 in die ouderdom van 81 jaar oorlede. Haar fisiese nalatenskap aan die maatskaplike werk - professie is die professionele tydskrif en studiebeurse aan maatskaplike werk-studente aan die Universiteit van die Wes-Kaap, die universiteit waarvan sy kanselier was.

Wat kan vandag se maatskaplike werkers uit die lewe van hierdie pionier maatskaplike werker leer? Die eerste is dat niemand bang moet wees om grense te verskuif nie. Erika Theron het dit ten opsigte van die posisie van vroue gedoen. Sy het bewys dat die glasplafon gebreek kan word en dat vroue ’n volwaardige plek op enige terrein van die lewe kan inneem. Sy het die teorie van maatskaplike werk verbreed deur die mediese model wat gefokus het op patologie en op die individu en die groep, om ook na makro-aspekte soos die gemeenskap, ko-ordinasie van dienslewering en maatskaplike beleid te kyk. As maatskaplike werker wat op makro-maatskaplike werk gekonsentreer het, was sy ’n ware veranderingsagent. Sy het die belangrikheid van volgehoue groei en ontwikkeling van maatskaplike werkers beklemtoon. Sy het een van die hoekstene van ’n professie, nl. ’n eie professionele tydskrif moontlik gemaak. Maar miskien was haar grootste nalatenskap dat sy maatskaplike werkers bewus gemaak het dat dit onmoontlik is om eties neutraal te bly wanneer een van die belangrikste waardes van maatskaplike werk, nl. sosiale geregtigheid ter sprake is.

Dit is gepas met ’n aanhaling om af te sluit: “Elke geslag bring leiers voort wie se wysheid en bekwaamheid hulle in staat stel om as skakel op te tree tussen tradisie en verandering. Die kenmerkendste eienskappe van hierdie soort leier is ’n liefde vir die geskiedenis, ’n gevoeligheid vir die omstandighede van die hede en die gawe om vooruit te sien” (Redaksioneel, Maatskaplike Werk/ Social Work, 1972 8(4):227.

## BIBLIOGRAFIE.

BRUEGGEMANN, W.G. 2006. **The practice of macro social work** (3rd ed). Belmont CA: Thomas Brooks/Cole.

COLLINS, K.J. 2007. **Erika Theron, George Bernard Shaw and Social Action**. Erika Theron Memorial Lecture 31 May 2007, University of the Western Cape.

ESTERHUYSE, W. 2007. Moeder van morele verset. **Die Burger**, 29 Mei 2007.

MULLER, C. 1972. Come, everyone, lend her your ears. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 8(4):245-253.

REDAKSIONEEL. 1965. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 1(1):2.

REDAKSIONEEL. 1971. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 7(3):138.

REDAKSIONEEL. 1972. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 8(4):227.

THERON, E. 1983. **Sonder hoed of handskoen**. Kaapstad: Tafelberg.

THERON, E. & DU TOIT, J.B. 1977. **Kortbegrip van die Theron-verslag**. Kaapstad: Tafelberg.

THERON, E. & STULTING, A.A. 1961. **Maatskaplike dienste in Suid-Afrika**. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en –boekhandelaars.

THERON, E. & SWART, M. (reds) 1964. **Die kleurlingbevolking van Suid-Afrika**. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en –boekhandelaars.